# Die Uniekheid van 'n Reformatoriese Lewensvisie

***Prof. B.J. van der Walt***

***"... laat God julle verander deur julle denke te vernuwe"***

***(Rom. 12:2)***

**Synopsis**


## The Uniqueness of a Reformational Worldview

*This article is focussed on the contents of a Christian worldview. The motivation for this investigation is the problem that Christians today have very little impact outside the small circle of private life, family and church. The reason for their irrelevance in the public sphere is not a lack of Christian worldviews, but the impotence of most Christian worldviews which are dualistic in nature. What is needed is a comprehensive and integral Christian worldview, firmly rooted in the message of the Bible. Can a reformational worldview qualify for this position? The essay therefore investigates the unique characteristics of a Christian-reformational worldview. The conclusion is that such a worldview can be a genuine world-transformative worldview. It not only informs our minds, fires our imagination and moves our hearts, but can also shape our culture.*


## 1. Inleiding: probleem, oorsake en oplossing

Hierdie artikel handel oor die inhoud van 'n Christelike lewensvisie. Die probleem wat tot hierdie ondersoek aanleiding gee, is die weinig invloed wat Christene op die hedendaagse kultuur – veral die sogenoemde openbare lewe – het. Die oorsaak van die probleem is nie 'n gebrek aan Christelike lewensvisies nie, maar aan 'n korrekte, Bybelsbegronde, omvattende en integrale lewensvisie. Die meeste Christelike lewensvisies is dualisties en lei tot 'n gesplete lewenswandel. Dit is dus belangrik om vas te stel of 'n Reformatoriese lewensvisie dié probleem van die irrele-

vansie van die Christendom kan oplos. Daarom word die unieke trekke van hierdie lewensvisie beskrywe. Die gevolgtrekking is dat die Reformatoriese lewensvisie oor werklike transformasionele krag beskik. Dit lei nie net ons gedagtes, vuur ons verbeelding aan en beweeg ons harte nie, maar beskik ook oor kulturele vormingswaarde. Die slotgedeelte handel dus oor hoe hierdie waardevolle skat in opvoeding en onderrig aan 'n nuwe generasie oorgedra kan word.

## 2. Mislukking van die Christendom op die openbare terrein en die behoefte aan 'n Christelike lewensvisie

Aangesien talle skrywers die aandag vestig op die geringe invloed van Christene op die publieke lewe, word slegs Colson & Pearcey (1999) hier namens hulle almal aan die woord gestel. In die volgende sitate stel hulle sowel die probleem as die oplossing daarvoor.

"The church's singular failure in recent decades has been the failure to see Christianity as a life system, or worldview, that governs every area of existence... our failure to see Christianity as a comprehensive framework of truth has crippled our efforts to have a redemptive effect on the surrounding culture" (p. xii).

Hierdie skrywers het wel waardering vir die toewyding van Evangeliese Christene. Hulle swakheid is egter dat godsdiens vir hulle nie méér inhou as persoonlike redding en heiligheid nie. "Genuine Christianity is more than a relationship with Jesus, as expressed in personal piety, church attendance, Bible study, and works of charity. It is more than discipleship, more than believing a system of doctrines about God. Genuine Christianity is a way of seeing and comprehending *all* reality. It is a worldview" (p. 14).

Volgens Colson & Pearcey (p. xii) is die belangrikste beginsel van die Christendom nie *soteriologies* nie (m.a.w. regverdiging deur die geloof) maar *kosmologies* (m.a.w. die soewereiniteit van God oor die hele skepping): "Christianity is more than a private belief, more than personal salvation ... it is a comprehensive life system that answers all of humanity's age-old questions: Where did I come from? Why am I here? Where am I going? Does life have any meaning and purpose?" (p. xi).

Elders word dit só gestel: "Christ is Lord over all of creation ... When we truly grasp this, we are compelled that the Christian faith cannot be reduced to John 3:16 or simple formulas. Christianity cannot be limited to only one component of our lives, a mere religious experience, or even a salvation experience. We are compelled to see Christianity as the all-encompassing truth ..." (Colson & Pearcey, 1999:15).

Hierdie twee skrywers dui hiermee aan wat die probleem is (dualistiese Christelike lewensvisies) asook die oplossing ('n totale, integrale lewensvisie). Die volgende afdeling behandel eers hierdie dualistiese Christelike lewensvisies, want teen dié agtergrond sal die unieke, bevrydende karakter van 'n Reformatoriese lewensvisie duideliker word.

## 3. Dualistiese Christelike lewensvisies as die oorsaak vir gebrek aan invloed

Kompartementalisering van die Christelike lewe is een van die grootste gevare. Naugle (2004:2) beskou dit selfs as demonies. Dit is volgens hom een van die mees effektiewe strategieë van die duiwel om die boodskap van die evangelie tot die sg. persoonlike, geestelike lewe te beperk, sodat hyself die openbare lewe kan beheers. (Satan sal dan ook alles in sy vermoë doen om 'n omvattende, integrale Christelike lewensvisie te beveg.)

Kompartementalisering is die praktiese uitvloeisel van 'n grondliggende dualisme. Geloof in Christus se verlossing word *langs* of *teenoor* die wêreld (skepping) gestel. Christene staan dus voor die valse keuse om Christus sonder die wêreld te dien of die wêreld sonder Christus. Of hulle probeer om dualisties sowel op die heilige as die profane gebiede te lewe.

Behalwe dat dualistiese lewensvisies die evangelie relativeer, het dit ook die gevolg dat Christene met 'n dubbelvisie lewe, 'n verdeelde lojaliteit het, twee H(h)ere wil dien. Hierbenewens vestig Walsh & Middleton (1984:115) nog die aandag daarop dat dualistiese Christelike lewensvisies ook die oorsaak is van die huidige sekularisme: "... dualism opened the door to the triumph of secularism as the guiding spirit of Western culture. To put it bluntly: if it were not for the medieval nature/grace dualism, *modern secularism might never have arisen at all*."

Vir 'n beter begrip van die dualistiese lewensvisies word op die volgende gelet: (1) die oorsake; (2) 'n tipologie van dualismes; (3) Christelike lewensvisies wat die dualisme aanhang, en (4) die basiese fout by al sulke visies.

### *3.1 Die oorsake*

Van die talle oorsake word die aandag hier alleen op vier van die belangrikstes gevestig.

#### *3.1.1 Verkeerde Bybelgebruik*

Vanuit 'n dualistiese lewensvisie word gedagtes in die Skrif ingelees en – met Bybelse sanksie – weer daaruit uitgelees. Só word Christus se woorde gelees dat 'n mens jou nie oor aardse dinge (kos en klere) mag bekommer nie, maar eerder oor die koninkryk van die hemel (Matt. 6:21-34). Of dat ons nie rykdom hier op die aarde nie, maar in die hemel moet versamel

(Matt. 6:19-21). Christus sê tog uitdruklik ook dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 18:36). Ook Paulus herinner dat ons nie aan hierdie wêreld gelyk moet word nie (Rom. 12:2), ons harte op die dinge daarbo moet vestig en nie op die aarde nie (Kol. 3:1-2) en 2 Petrus 2:20 praat van mense wat die besmetting van die wêreld ontvlug het.

Van der Walt (2000:14 en 2001:31,32) toon egter aan dat tekste soos hierdie ook anders verstaan kan word. Bowendien is daar talle ander Skrifgeleerdes wat die aandag op die goedheid van die skepping vestig. Dit is byvoorbeeld nie verkeerd om sekere kossoorte te eet of te trou nie (vgl. bv. 1 Tim. 4:3-5 en Kol. 2:16-22). Volgens die Woord van God mag die werklikheid nie in gebiede verdeel word waarvan sommige vanselfsprekend goed en die ander minder goed of selfs van nature sleg is nie.

### *3.1.2 Soeke na persoonlike heiligheid*

Volgens dualiste hoort 'n heilige lewe en afsondering van die wêreld bymekaar. Heiligheid bestaan uit geestelike dissipline en ontvlugting van die wêreldse dinge. Volgens 1 Johannes 2:15 mag gelowiges nie die wêreld of wêreldse dinge liefhê nie; hulle moet hulself skoon hou van die besmetting van die wêreld (Jak. 1:27) en liewer nie trou nie (1 Kor. 7:1).

In hierdie gevalle word vergeet dat die begrip "wêreld" in die Bybel in twee verskillende betekenisse gebruik word: die wêreld as die (goeie) skepping van God en die wêreld as gevalle skepping, in die mag van die bose. Daarom bid Christus sy Vader nie om sy dissipels uit die wêreld weg te neem nie, maar van die Bose te bewaar (Joh. 17:15). Elders leer die Skrif dat niks in die skepping – dus ook die liggaamlike – nie heilig kan wees nie.

### *3.1.3 Traagheid*

Geestelike luiheid, laksheid of doodsheid kan ook die makliker opsie van 'n dubbelslagtige Christelike lewe aantreklik maak. Dit is immers makliker om die Here net op 'n klein eilandjie van persoonlike heiligheid te dien of net op Sondae as op alle lewensterreine, 24 uur van die dag en sewe dae van die week.

Naugle (2004:14) skryf in die verband: "It just take too much effort – too much blood, sweat, and tears – to think through and live out the implications of the Lordship of Christ over the whole of life. This inordinate lack of love for the kingship of God, this failure to hunger and thirst for righteousness in all things, this sin of omission rooted in spiritual apathy balks at the farreaching implications of the biblical narrative, reduces faith to tiny proportions, and leaves it securely nestled in the individual believer's comfort zone."

### *3.1.4 Die invloed van geskiedenis en kultuur*

Dualistiese denke is 'n diepgewortelde tendens, feitlik so oud soos die Christendom self. Oorspronklik het dit ontstaan as gevolg van die invloed van die Grieks-heidense filosofie en baie ander Bybelsvreemde strominge daarna het dit net bevestig.

Ook die hedendaagse sekulêre Westerse kultuur bevorder dit. Die meeste lande het vandag liberale konstitusies waarvolgens geloof en politiek twee geskeie terreine moet wees. Hierdie dualisme tussen privaat en publiek beteken dat godsdienste nog 'n plekkie het op die beperkte terreine van huwelik, gesin en kerk, maar uit die groot terrein van die hele openbare lewe moet bly omdat dit – natuurlik iets onmoontlik – "neutraal" moet wees. (In feite word die openbare terrein dan ook deur 'n sekularistiese lewensvisie beheers.) So 'n sekularistiese opset oefen groot druk op Christene uit om maar voor 'n dualistiese visie en lewenswyse te swig.

Dit bring ons by die volgende punt, nl.

## *3.2 'n Tipologie van dualismes*

Op verskillende vlakke sou die volgende tipes dualismes onderskei kan word:

*3.2.1 Ontologiese dualismes* is 'n tweedeling in die werklikheid self byvoorbeeld tussen 'n heilige en sekulêre, geestelik-materiële terrein of tussen hemelse en aardse dinge.

*3.2.2 Antropologiese dualismes* is digotomieë (tweedelings) in iemand se mensbeskouing, soos byvoorbeeld die tussen liggaam en siel, vlees en gees. Die eersgenoemde 'deel' van die mens word gewoonlik as hoër en belangriker beskou, terwyl die tweede 'komponent' laer en van minder belang is.

*3.2.3 Epistemologiese en ensiklopediese dualismes.* Eersgenoemde beteken 'n skeiding op die gebied van die kenteorie. Voorbeelde daarvan is die skeiding tussen geloof en wete, hart en verstand, waardes en feite. Die eerste kenwyse bied kennis van die sakrale dinge en die tweede kenwyse van die profane. Ook die ensiklopedie van die wetenskappe word hiervolgens gekonstrueer: teologie sou vanselfsprekend Christelik en filosofie vanselfsprekend 'neutraal' wees (kan dus nie Christelik beoefen word nie).

*3.2.4 Samelewingsdualismes* is byvoorbeeld die indeling van die samelewing in kerk en wêreld, kerk en staat en die reeds genoemde privaat-publiek onderskeid. Weereens is die eerste pool van die dualisme die Christelike en die tweede die nie-Christelike.

### *3.2.5 'n Dualistiese lewenstyl*

Omdat idees 'voete' het, lewens*visies* tot konkrete lewens*wandel* lei, voer baie Christene in hulle alledaagse lewe 'n gesplete bestaan. Sondae mag hulle oortuigende Christene wees, maar van Maandag tot Saterdag maak hulle geloof geen verskil in hul daaglikse bestaan nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die verskillende dualismes van mekaar afhanklik is of dat die een tot 'n volgende lei. 'n Ontologiese tweedeling in die skepping lei tot 'n digotomie in die mensvisie, gespletenheid in die kenteorie en wetenskapsleer asook 'n dualistiese samelewingsfilosofie en lewenstyl.

Naugle (2004:11) ontbloot die basiese fout ten grondslag van alle dualismes: "... it is a mistake to draw a line of demarcation *within* the creation to designate between the superior (positive) and inferior (negative) things God has made. We tend to forget that everything God made is very good, and in our forgetfulness we promote some aspects of God's handiwork (like the soul) and demote others (like the body). We view spiritual things as good and physical things as bad and regard certain aspects of God's creation with suspicion or even as sinful. We have confused creation with sin ..."

Soos binnekort nog sal blyk (vgl. afds. 3.4 en 4.5), is die oorsaak van 'n dualistiese lewensvisie dus die verwarring van (skepping-)struktuur en (religieuse) rigting. Dié verwarring sal nog duideliker word uit die volgende punt.

## *3.3 Verskillende dualistiese Christelike lewensvisies*

Van der Walt (2000:121 e.v.; 2001:5 e.v.; 2004:513 e.v. en 2006:109 e.v.) behandel die verskillende tipes Christelike lewensvisies in besonderhede. Hy gee eers 'n historiese oorsig van hulle ontstaan by die vroeë Christendom en ontwikkeling deur die eeue tot by huidige Christene in Afrika. Daarna volg 'n tipologie (met gebruikmaking van o.a. Wolters, 1990) asook voorbeelde van die praktiese implikasies van elkeen. Van belang hier is alleen 'n vergelyking van die drie dualistiese lewensvisies met die Reformatoriese.

Uit die voorafgaande het reeds geblyk dat dualistiese Christelike lewensvisies 'n verkeerde beskouing oor die verhouding tussen die skepping (wêreld) en verlossing (genade) huldig. Binne hierdie dualisme kan daar egter drie verskillende verhoudings bestaan. Sekere Christelike lewensvisies (vgl. bv. Tertullianus en die latere Anabaptisme) stel verlossing *teenoor* die skepping. Ander (bv. die klassieke Lutheranisme) stel verlossing *langs* die skepping. 'n Derde groep (bv. die Rooms-Katolieke Thomisme) stel verlossing *bokant* die skepping – die hoëre genade moet slegs die laere natuur vervolmaak ('n uitwendige sanktifikasie).

Teenoor al drie hierdie Christelike lewensvisies is daar die Reformatoriese wat leer dat die verlossing in Christus die skepping moet *herstel* of *vernuwe*. Terwyl die ander Christelike lewensvisies in minder of meerdere mate die skepping geringskat en selfs verag, is die unieke van die Reformatoriese visie dat dit die skepping waardeer en uit sy sondeverlorenheid wil *herwin* (vgl. titel van die boek van Wolters, 1992). Terwyl ander Christelike lewensvisies hul tot mindere of meerdere mate aan die skepping wil onttrek, wil die Reformatoriese *in* die wêreld betrokke wees om dit te transformeer. Wolterstorff (1983:43) noem die Reformatoriese lewensvisie dan ook tereg een van die weinige vorme van 'n "world-formative Christianity", omdat dit "a penetrating analysis of our contemporary social world combined with a comprehensive Christian vision of history and society" bied. (Vgl. ook Colson & Pearcey, 1999:487 se stelling: "Only Christianity provides the power to transform the world".)

### 3.4 Die basiese fout van dualistiese visies

Die grondfout van dualistiese Christelike lewensvisies is terselfdertyd die sterk punt van die Reformatoriese lewensvisie. Terwyl ander ('n gedeelte van) die skepping verag, wil die Reformatoriese dit juis sentraal stel en laat vernuwe.

Dieselfde gedagte sou ook op 'n ander manier gestel kon word (vgl. Wolters, 1992:10). Die meerderheid Christene sou kon instem met die volgende belydenis: "God die Vader het die geskape maar gevalle wêreld versoen deur die dood van sy Seun en vernuwe dit tot die koninkryk van God deur sy Gees". Die meeste Christelike lewensvisies beperk die reikwydte van die sentrale terme in hierdie belydenis (soos bv. 'geskape', 'gevalle', 'versoen', "koninkryk van God"). Die koninkryk van God word, byvoorbeeld, tot die kerk beperk. Hierteenoor beklemtoon die Reformatoriese lewensvisie die allesomvattende, universele betekenis van hierdie sentrale Bybelse begrippe. Die sondeval het *alles* aangetas en deur die verlossing kan *alles* weer vernuwe (heilig gemaak) word.

'n Ingewikkelder manier om dieselfde gedagte te stel, is dat die basiese fout van dualistiese lewensvisies is dat hulle 'n *ontologiese* (of *strukturele)* karakter toeken aan die *religieuse (rigtinggewende)* antitese tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God se wette (vgl. Van der Walt, 2001:7)

Van der Walt (2006:114) verduidelik: "Since the fall there are two different religious directions in creation: obedience to and service of God or of something (an idol) in the place of the true God. These directions for or against God are spiritual in nature. They are not of an ontological nature so that they can easily be located in specific areas of life. Obedience and disobedience, good and bad occurs *throughout* creation and cannot be

*limited* to a specific thing or area ... The tension does not lie between *two areas* of which the one is by nature good and the other by nature bad or at least neutral."

Spykman (1992:67) verwoord dieselfde gedagte: "Dualism gives the spiritual antithesis ontological status by defining some parts, aspects, sectors, activities or realms of life (the ministries of the church) as good and others (politics) as less good or even evil. Dualism grants sin a built-in ontological status ... At bottom, therefore, dualism may be defined as a confusion between structure and direction ... The (religious) antithesis is read back into the very structure of creation."

Vir die swakpunte en foute van dualistiese Christelike lewensvisies bied 'n Reformatoriese lewensvisie dus unieke oplossings. Dit bring ons by die volgende hoofpunt, wat die unieke van hierdie lewensvisie verder sal uiteensit.

## 4. Die uniekheid van 'n Reformatoriese lewensvisie

Wat hier volg, is nie 'n volledige, sistematiese uiteensetting van 'n Reformatoriese lewensvisie nie – slegs enkele van die mees unieke trekke word uitgelig. Vir dié doel word die woord veral gegee aan die volgende skrywers: Marshall & Gilbert (1998), Van der Walt (2000 en 2006), Walsh & Middleton (1984) en Wolters (1992).

Die kernmomente wat hier nader bekyk word, is die volgende: (1) die onderskeid tussen God, wet en skepping; (2) die Skrif as toetssteen; (3) God se skeppings- en Woordopenbaring; (4) skepping, sondeval, verlossing en voleinding; (5) struktuur en rigting; (6) die mens as beeld van God; (7) kultuurmandaat en sendingbevel en (8) samelewingsverandering.

### *4.1 Die onderskeid en verband tussen God, wet en skepping*

Hoewel dit nie eksplisiet genoem word nie, lê ten grondslag aan al bogenoemde werke oor 'n Reformatoriese lewensvisie die Bybelse onderskeid tussen (1) God, (2) dit wat Hy geskep het en (3) die wette wat Hy vir die verskillende geskape dinge gestel het. *Ontologies* gesien is God verskillend, totaal anders as dit wat Hy geskep het of sy wette wat daarvoor geld. Omgekeerd is daar ook niks goddeliks in die skepping nie. Niks in die skepping mag dus verabsoluteer (vergoddelik) word nie – iets wat gereeld in nie-Christelike lewensvisies gebeur.

In *religieuse* sin is God terselfdertyd intiem by sy skepping betrokke. Hy het dit nie net tot stand gebring nie, maar onderhou dit nog daagliks deur sy skeppingsordeninge wat bly geld ook al oortree die mens hulle.

Hierdie duidelike onderskeid en verband tussen God, wet en skepping maak van die Reformatoriese lewensvisie iets uniek. Ander Christelike

lewensvisies erken byvoorbeeld nie die *radikale* (ontologiese) verskil tussen God en mens nie. (Die menslike siel sou byvoorbeeld iets semi-goddeliks wees.) God se religieuse nabyheid in die skepping word met ontologiese gelykheid aan die skepping verwar. Of hulle sien nie duidelik die verskillende (geldende) karakter van God se wette nie en vereenselwig dit met dinge (subjekte) wat aan die wette onderworpe is en dus nie 'n wetskarakter kan dra nie. (Die 'vryemark' word byvoorbeeld as ekonomiese norm gesien, terwyl dit normatief beoordeel moet word.)

Hiermee word 'n antwoord gebied op 'n eerste belangrike lewensvraag: Waaruit bestaan die werklikheid waarin ek my bevind? Wie/wat sluit dit alles in?

### 4.2 Die Skrif as toetssteen

Om hierdie tweede unieke trek duidelik te maak, kan dit nuttig wees om dit met vier sirkels (nr. 1-4 van links na regs) voor te stel met tweerigting pyle tussen hulle. Sirkel (1) stel God se openbaring voor; (2) die mens se geloof daarop gegrond; (3) die Christelike lewensvisie op hierdie geloof gebou; terwyl (4) op die praktiese lewenswandel dui wat deur die lewensvisie bepaal word. In hierdie geval wys al die pyle tussen die sirkels van links na regs, want 'n lewensvisie is die "brug" tussen 'n mens se geloof en lewenswyse.

#### 4.2.1 'n Omgekeerde toets

Tussen die vier sirkels moet daar egter ook pyle wees wat in die omgekeerde rigting (van regs na links) wys. Die rede is dat 'n mens se lewensvisie (3) getoets moet word aan jou geloof (2), terwyl jou geloof op sy beurt voortdurend gekorrigeer moet word deur God se openbaring (1). Indien dit nie gebeur nie, mag 'n mens nie op 'n Bybelsbegronde lewensvisie aanspraak maak nie.

Indien 'n mens nie jou eie voorveronderstellings (saamgetrek in jou lewensvisie) bloot in die Bybel wil *in*lees (eisegese) en weer daar*uit* lees (eksegese) nie, moet jy jou voorveronderstellings (lewensvisie) uit die Skrif self probeer kry. In 'n beeld gestel: jou bril moet deur die Skrif geslyp wees.

#### 4.2.2 'n Sirkel

Dit impliseer natuurlik 'n sirkel: 'n mens probeer die Skrif (telkens weer beter) verstaan in die lig van jou (voor)verstaan van die Skrif. Hieraan kan egter geen mens ontsnap nie. Die vraag is nie *of* 'n mens in die hermeneutiese sirkel opgeneem wil word nie, maar binne *watter* hermeneutiese sirkel iemand sal werk: een waarin van 'n Bybelsvreemde bril gebruik gemaak word, of een waarin die bril al meer en meer Bybelgetrou word? Daarom is die beeld van 'n spiraal in plaas van 'n sirkel meer gepas: daar moet vordering in die dialoog tussen geloof en

die openbaring wees. Die gelowige stel biddend vrae aan die openbaring. Die Woord antwoord daarop. Die antwoorde is van so 'n aard dat dit die geloof bevraagteken, verander, vernuwe. Met die volgende rondte in die dialoog sal die vrae van die gelowige aan die Bybelteks dus effens anders daar uitsien, en so ook die antwoorde van die teks. In die voortgaande dialoog (Woord-antwoord, Woord-antwoord) word die geloof en lewensvisie (of 'denke' volgens Rom. 12:2) steeds meer vernuwe, nader gebring aan God se wil. Die spiraalroete wat 'n mens dus moet loop, is vanaf jou lewensvisie terug na die Skrif en vanaf die Skrif terug na 'n verder gesuiwerde en nog duideliker lewensvisie.

### *4.2.3 Voortdurende Skrifstudie*

'n Mens moet egter versigtig wees om *te min* na God se openbaring te luister en *te gou* na 'n sisteem te gryp. 'n Leer of sisteem (soos die Christelike lewensvisie) is nie verkeerd nie. 'n Geslote dogma is egter uiters gevaarlik. Die Bybel mag nie maar net as vroedvrou by die geboorte van 'n lewensbeskouing fungeer terwyl dit verder selfstandig en alleen grootword nie. Daar moet lewende, voortdurende omgang met God en sy Woord wees.

As dit nie gebeur nie, is 'n mens geneig om te dink dat jou tipe Christelike lewensvisie nie *'n* gestalte van die Christendom is nie, maar *die* Christelike stelsel, die suiwerste, onvermengste en kragtigste openbaring van die Christendom! In so 'n geval is die gevaar groot dat my lewensvisie die norm word in plaas daarvan dat ook dit deur die Skrif genormeer word. Dan kom die lewensvisie as 'n afgod tussen die gelowige en God en sy openbaring te staan. God se Woord en sy Gees moet telkens weer die oogklappe voor 'n mens se oë en die was uit jou ore verwyder, sodat jy kan sien en hoor wat jy *moet* sien en hoor, en nie wat jy graag *wil* sien en hoor nie.

### *4.2.4. Samevatting*

Dat 'n Reformatoriese lewensvisie erns maak met die Bybel as finale toetssteen blyk uit Walsh & Middleton (1984:105) se antwoord op die vraag hoe ons in gehoorsaamheid aan Romeine 12:2 ons denke voortdurend kan vernuwe: "Through letting the Scripture shape our world view. But we ... saw that our world view in turn shapes our interpretation of Scripture. How do we break out of this hermeneutical circle? Usually we don't. It sometimes takes a world view crisis. We must at least be open to renewal and growth. We must allow the Spirit to correct and overthrow our unbiblical world view. The Scriptures are sharper than a two-edged sword and can shatter our preconceptions. The Holy Spirit, working through God's Word, can lead us in new vision and new obedience."

### 4.3 Die verskil en verband tussen God se skeppings- en Woord-openbaring

Die voorafgaande punt kan die verkeerde indruk wek dat 'n Reformatoriese lewensvisie God se openbaring tot sy Skrifopenbaring in die Bybel beperk. 'n Volgende unieke trek van 'n Reformatoriese lewens-visie is egter juis dat dit ook erns maak met God se skeppingsopenbaring.

#### 4.3.1 Verwaarlosing

In die geskiedenis van die Christendom is God se sogenaamde algemene openbaring wel in sommige belydenisskrifte (soos bv. in artikel 2 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*) opgeneem, maar verder is dit verwaarloos. Die gevolg was dat die meeste Christelike lewensvisies te veel van die Skrifopenbaring verwag het deur te dink dat dit alle moontlike vrae sou beantwoord – die dwaling van Biblisisme. Wolters (1992:24 e.v.) toon hierteenoor aan hoe belangrik Reformatoriese denkers die skeppingsopenbaring beskou en wat dit presies behels.

#### 4.3.2 Skeppingsopenbaring

In sy skeppingsopenbaring ('n skrif- en woordelose openbaring – vgl. Ps. 19:4) openbaar God sy skeppingsorde of wette aan die mens. (Die "ewige krag en goddelikheid" van Rom. 1:19, 20 herinner daaraan.) God se skeppingsordeninge word só duidelik openbaar dat selfs mense wat die Skrifopenbaring nie ken nie, dit kan verstaan (vgl. Rom. 2:14, 15). Die wysheid van die boek Spreuke is byvoorbeeld gegrond op hierdie skeppings-openbaring, terwyl groot dele van die Psalms, Job en Prediker ook die aandag daarop vestig. 'n Goeie voorbeeld (vgl. Wolters, 1992:27, 28) is 'n Skrifge-deelte soos Jesaja 28:23-29 waarin vertel word hoe iemand goed kan boer deur God se skeppingsopenbaring t.o.v. hoe daar geploeg, gesaai en geoes behoort te word noukeurig te ondersoek en te gehoorsaam. Om hierdie skeppingsorde te kan ken, verg dus geestelike onderskeidingsvermoë (vgl. Ef. 1:17-18).

As gevolg van die sondeval het die mens egter "doof" en "blind" geword vir God se skeppingsopenbaring, sodat dit nie meer voldoende is om God se wil vir die lewe te ken nie. Dit is nie God se openbaring wat gefaal het nie – dit bly onveranderd en duidelik – maar die mens onderdruk en vervang dit (vgl. Rom. 1:18, 23).

In sy genade voorsien God egter 'n "gehoorapparaat" of 'n "bril" in die Skrif. Anders gestel: Hy "herpubliseer" – hierdie keer in 'n talige vorm – sy openbaring. Die Bybel is dus nie 'n totaal nuwe openbaring nie, maar as't ware 'n tweede, hersiene uitgawe. Skeppings- en Woordopenbaring kom daarin ooreen dat hulle God se wil vir die lewe (soos uitgedruk in verskillende wette) openbaar maak.

#### *4.3.3 Die verskil en verband tussen die tweërlei openbaring*

Tog is die twee nie dieselfde nie, want die Skrif voeg iets by. Die skeppingsopenbaring ('n nie-talige openbaring) vertel nie 'n verhaal oor die verloop van die geskiedenis nie. Dit sê niks oor die skepping, sondeval, verlossing en voleinding van die wêreld nie. Die Bybel vertel hierdie geskiedenis volledig vanaf Adam tot by die wederkoms van die tweede Adam. Hierdie historiese drama met die vier bedrywe van formasie, deformasie, reformasie en kulminasie (vgl. Bartholomew & Goheen, 2004) is die ekstra "lig" wat die Skrif bied, of die "bril" wat nodig is om die werklikheid reg te kan verstaan.

Wolters (1992:32) vergelyk die rol van die Skrif met dié van 'n lamp op die voorkop van 'n mynwerker. Hy kyk nie *in* die lig van die lamp nie, maar *by* die lamplig doen hy sy werk in die donker myngang. Net so soek ons nie *in* die Skrif na antwoorde op al die vrae nie (= Biblisisme), maar soek dit in God se skeppingsopenbaring soos deur die Skrif verlig.

Nog 'n beeld om die verband tussen God se tweërlei openbaring te verduidelik is die volgende (vgl. Wolters, 1992:33,34). 'n Bouer verstaan nie die bouplan van 'n huis om dit reg te kan oprig nie. Hy moet dus die argitek wat die bouplan opgestel het raadpleeg om dit (mondeling) vir hom te verduidelik. Net so maak die Skrif opnuut in eenvoudige menslike taal duidelik wat God se "bouplan" (wette) vir die lewe is.

Marshall & Gilbert (1998:58) stel dit kernagtig soos volg: "We need to study not only God's Word but also God's world; we study the world in the light of God's Word ... It is not for us to choose between knowing the Bible or the world; we need to *know the world biblically."*

Hiermee word dus 'n antwoord gebied op 'n tweede basiese lewensvraag, naamlik: Waar kry ek 'n betroubare lig vandaan op hierdie dikwels donker wêreld waarin ek lewe?

#### *4.3.4 Samevatting*

Saamgevat veronderstel 'n Reformatoriese lewensvisie dus die volgende: (1) Dit moet op God se openbaring gegrond wees. (2) Dit moet God se openbaring; nie net die Skrif nie, maar ook sy skeppingsopenbaring insluit. (3) Dit moet God se tweërlei openbaring, veral God se wette vir die verskillende lewensterreine aan die mens bekendstel. Hierdie skeppingsordeninge dui die rigting aan waarin die verskillende lewensterreine moet ontwikkel. (4) Dit moet die "lig" wat die Skrifopenbaring bied in vorming, vervorming, verlossing en voleinding kan saamvat. Hierdie begrippe dui aan hoe die mens wat aanvanklik in gehoorsaamheid aan God se wette geleef het, in ongehoorsaamheid verval het, asook hoe verlossing weer gehoorsaamheid aan God se verordeninge moontlik maak. Ook hierin gaan dit dus om die rigting van die menslike

lewe. (5) Tussen skepping, val, verlossing en voleinding is daar 'n onverbreeklike band. Dit is die *skepping* wat in sonde val, en weer verlos word. Verlossing staan dus nie *teenoor*, *langs* of *bokant* die skepping nie, maar is bedoel om die skepping te *herstel.*

Ná hierdie algemene opmerkings kan nou meer in besonderhede gelet word op die unieke visie van die Reformatoriese denke oor skepping, sondeval, verlossing en voleinding.

## *4.4 Die betekenis van die skepping, val, verlossing en voleinding*

Uit die weergawes van veral Marshall & Gilbert (1998:15-50), Walsh & Middleton (1984:43 e.v.) en Wolters (1992:11 e.v.) blyk die unieke visie van 'n Reformatoriese lewensvisie op hierdie vier sentrale Bybelse begrippe. Op grond daarvan (asook die verdere uiteensetting) bied 'n Reformatoriese lewensvisie antwoorde op die volgende agt fundamentele lewensvrae: (1) Hoe lyk hierdie werklikheid waarin ek my bevind? (2) Waar kom die kwaad daarin vandaan? (3) Kan dit reggestel word? (4) Wat gebeur met my ná die dood? (5) Hoe moet my verhouding teenoor hierdie aarde wees? (6) Wie of wat is ek of die mens in die algemeen? (7) Wat maak ek hier op aarde – het ek 'n taak? (8) Hoe kan ek die samelewing help verbeter?

### *4.4.1 Skepping*

Skepping is die antwoord op die lewensbeskoulike vraag: Hoe lyk hierdie werklikheid?

**Die goedheid van die skepping**

En die unieke antwoord van 'n Reformatoriese lewensvisie is dat ek in *God* se skepping lewe en dat die skepping, die *hele* skepping, vóór en afgesien van die sonde, ondubbelsinnig *goed* is. God self sê aan die einde van elke skeppingsdag dat wat Hy gemaak het, goed was. Dit bereik 'n hoogtepunt as daar in Genesis 1:31 staan dat Hy aan die einde na sy werk gekyk het en dit as "baie goed" verklaar.

Marshall & Gilbert (1998:ix) sê dat die Bybel ook duidelik van sonde-verlorenheid vertel, maar dat die basiese Bybelse boodskap die goedheid van die skepping is. Dit moet beklemtoon word, want "Unfortunately, among Christian believers, and especially among evangelicals, the theme of the goodness and permanence of the world is usually neglected, often forgotten, and sometimes denied entirely ... the world, along with every human achievement, is going to be destroyed. This ... position diminishes our place in God's world. Because of such misconception, many Christians today are, by and large, shirking their divinely given responsibility to sustain, nurture, renew, and really *live* in God's world."

Saamgevat: "The simple ... truth is that *this world is our home,* that our service in this world *is* service to God, that what we accomplish here we accomplish forever ..." (p. 250).

Ook Wolters (1992:41) verwerp wêreldveragting deur na 1 Timoteus 4:3 te verwys en sê dan dat God nie rommel maak nie en dit ook nie op die rommelwerf gooi nie. Omdat God nie gemors maak nie, doen ons Hom 'n oneer aan as ons op negatiewe wyse na die werk van sy hande kyk – terwyl Hy self so positief daaroor is. Hy het geweier om die skepping te vernietig toe die mens dit bederf het. In plaas daarvan het Hy verkies om dit – selfs ten koste van sy eie Seun – weer nuut en goed te maak.

**Ontkenning van die goeie skepping**

Hierdie unieke trek van die Reformatoriese visie kom duidelik na vore as in gedagte gehou word dat die meeste lewensvisies 'n aspek van die skepping as die oorsaak van die menslike ellende uitsonder. (Voorbeelde hiervan is byvoorbeeld liggaamlikheid, tydelikheid, seksualiteit of emosies.)Ván hierdie dinge word die sondebok gemaak in plaas van om die wortel van die kwaad te soek in die mens se rebellie teen God. Teenoor hierdie deel van die skepping wat geminag word, word dan gewoonlik 'n ander aspek van die skepping as redder uit die ellende verhef. Hieruit blyk weereens hoe belangrik die Skriflig oor skepping, val en verlossing is.

**'n Onverwagte deurbraak**

Hoe 'n eerlike worsteling met die Skrif 'n mens se lewensvisie ten opsigte van God se skepping kan verander, vind 'n mens by die Rooms-Katolieke denker, Donovan (1990). Terwyl 'n mens sou verwag dat die skepping vir hom onbelangrik sal wees, sê hy die volgende: "We must move away from a theology of salvation and redemption to a theology of creation. The saving God is the same as the God of creation ... To separate them and to concentrate only on saving and redeeming the world is to deny creation. We are not destined to be saved *from* this world, but *in* this world." (Donovan, 1990:112.)

Elders sê hy: "This gospel of creation is a corrective for a sectarian view of God, of truth, and of faith, and for an 'otherworldly spirituality' ... A gospel that is not as wide as the earth, that is without meaning for the whole earth, is not a gospel at all." (p. 128.) Net soos in die geval van 'n Reformatoriese lewensvisie lê hy dus ook groot klem op God se skeppingsopenbaring: "We must come ... to understand that our primary revelation is creation, the unwritten book, as sacred as any published one." (p. 129.)

**Die goedheid van God se verordeninge**

Soos hierbo gestel (vgl. afd. 4.1) kan God se skepping en sy wette wat daarvoor geld, nie van mekaar geskei word nie. Die taak van die skepping is om aan God se wette te beantwoord (vgl. Walsh & Middleton, 1984:49).

Ook hierdie skeppingsordeninge is konstant (nie staties nie) en goed, omdat hulle nie deel in die val nie. Gehoorsaamheid daaraan beteken lewe in sy volheid.

### *4.4.2 Die sondeval*

Hierdie Bybelse perspektief beantwoord 'n volgende vraag: Wat het verkeerd geloop? 'n Lewensvisie wat dus nie plek vir die sonde het nie is 'n te eng lewensvisie.

**Omvattende betekenis van sonde**

Die unieke van die Reformatoriese lewensvisie in hierdie geval is dat dit die sondeval nie as 'n geïsoleerde daad van ongehoorsaamheid beskou nie. Dit was 'n gebeurtenis met rampspoedige gevolge vir die *hele* skepping – sowel die menslike as die nie-menslike wêreld (vgl. bv. Rom. 8:19-22). Daar is *niks* wat in beginsel nie deur die verwoestende gevolge van die sonde aangetas is nie. Dit affekteer die persoonlike geloofslewe, die huwelik, gesinslewe, kerk, politiek, kunste, arbeid – al die mens se kultuurarbeid.

**Die oorsaak**

Volgens die Skrif en die Reformatoriese lewensvisie, is die kwaad in die werklikheid ook die mens se eie skuld. Dit is alles die gevolg van die mens se vyandskap teen God en sy weiering om in ooreenstemming met God se riglyne te lewe. Hierin verskil die Reformatoriese lewensvisie dus van ander verklarings vir die abnormaliteit van die werklikheid. Hulle soek dit gewoonlik in iets van die skepping buite hulself (vgl. hierbo) wat as sondebok gebrandmerk word. Of soos in die geval van die Rooms-Katolieke visie in iets van die skepping (die bonatuurlike genade) wat verlore geraak het. Indien die oorsaak van onreg en lyding nie die sonde is nie, moet vanselfsprekend ander verklarings daarvoor gesoek word: "... they must be the product of the environment: of ignorance, poverty or other undesirable social conditions; and all that it takes to create an ideal society is to create a better environment: improve education, enhance economic conditions, and engineer social structures." (Colson & Pearcey, 1999:148, 149.)

**Die verhouding tussen skepping en sonde**

Ook ten opsigte van die moeilike probleem van die verhouding tussen sonde en skepping bied 'n Reformatoriese lewensvisie 'n eie antwoord. Dit stel duidelik dat die sondeval nie die skepping – God se werk – kan vernietig nie. (Prostitusie vernietig nie die goeie van menslike seksualiteit nie, of politieke onreg kanselleer nie die rol van die staat nie.) Skepping en sonde bly twee verskillende dinge. Verder moet ook gestel word dat

die sonde nie in die (goeie) skepping *pas nie*. Dit bring 'n nuwe element (die kwaad) na vore – dit is van 'n latere oorsprong as die skepping.

Wolters (1992:46 e.v.) probeer op verskillende wyses verduidelik wat dan presies die verhouding tussen skepping en val is. Die kwaad is 'n *parasiet* wat die verwording van die goeie veroorsaak. (Waarmee nie bedoel word dat die kwaad uit die goeie voortkom nie.) Die kwaad skep verder 'n *karikatuur* van die goeie – 'n vertekende beeld wat nietemin sekere herkenbare eienskappe bevat. Die kwaad is 'n *indringer* (soos 'n indringerplant) wat vreemd is aan die skepping.

Sonder om van beelde gebruik te maak, kan gesê word dat die *struktuur* van die geskapene bly bestaan, ondanks die verkeerde *rigting* (ongehoorsaamheid) na die sondeval. (Hierdie belangrike onderskeid is reeds hierbo genoem en word in besonderhede onder afd. 4.5 hierna behandel.)

### *4.4.3 Verlossing*

Verlossing bied die antwoord op die volgende (vyfde) lewensbeskoulike vraag, naamlik: Hoe dit wat verkeerd is, reggestel kan word.

**Weer 'n unieke weg**

Ook in die beantwoording van hierdie vraag volg die Reformatoriese lewensvisie 'n eie weg. Eerstens glo dit in die *herstel* van die skepping en tweedens dat die *hele* skepping herstel kan word. Dit verskil byvoorbeeld van die Thomistiese lewensvisie waarvolgens verlossing bloot die *toevoeging* sou wees van die *deel* van dié skepping (die genade) wat by die val verlore geraak het. Al wat die verlossing aan die skepping toevoeg, is egter die geneesmiddel, die rigting van nuwe gehoorsaamheid aan God se verordeninge.

**Voorbeelde**

Die volgende praktiese konsekwensies bring die unieke van die Reformatoriese visie nog duideliker na vorre. Seksualiteit en die huwelik is nie iets wat Christene moet vermy nie, maar moet heilig, verlos uit die mag van die bose rigting. Emosies is deel van ons menslike struktuur en moet dus nie onderdruk word nie, maar gelouter word. Politiek mag nie as iets boos beskou word nie, maar getransformeer word. In die Naam van Christus moet die verwringing en bederf dus *oral* teengegaan word. In sy Naam moet die *hele* skepping weer opgeëis word.

**Die koninkryk van God**

Wolters (1992:60 e.v.) vestig in dié verband die aandag op die Bybelse begrip "die koninkryk van God". Dit dui in die Skrif op die feit dat God *Koning* is, die *gebied* van sy koningskap (die hele skepping) en die

*seëninge* wat sy regering vir die skepping inhou (cf. Van der Walt, 1986). 'n Reformatoriese lewensvisie verstaan dit dus in 'n *omvattende* betekenis, terwyl dualistiese Christelike lewensvisies dit telkens beperk. Dit kan piëtisties beperk word tot die persoonlike geloofslewe; ekklesiosentries opgesluit word in die kerklike instituut; eskatologies as slegs iets van die verre toekoms beskou word; dit kan ook (soos in die geval van die "social gospel") in menslike sosiaal-politieke strukture vasgelê word.

**Die skepping herwin**

Die kruis van Christus laat dus nie ons aandag van die skepping *weg*keer nie, maar juis daarheen *terug*keer. Met sy kruisdood en opstanding kry die koninkryk van God 'n "vasstrapplek" in die skepping. Met Christus se wederkoms sal die volkome oorwinning aanbreek en die uiteindelike vestiging van sy koningsheerskappy oor alles en almal. Nou leef ons in die "tussentyd" tussen koms en wederkoms. Ons roeping kan in 'n paar woorde saamgevat word: om in die krag van sy Gees die skepping (wat aan God behoort) vir Hom te herwin. Dít is die appèl van 'n Reformatoriese lewensvisie.

### *4.4.4 Voleinding*

Ook wat hierdie fase in die wêreldgeskiedenis betref, het die Reformatoriese lewensvisie 'n eie boodskap. Dit gee 'n duidelike antwoord op 'n sesde belangrike lewensvraag: Wat gebeur met my ná die dood? Baie Christene glo dat die aardse bestaan maar net 'n wagkamer is, waar mense as vakleerling-engele angstig wag op die dag wanneer hulle die tydelike met die ewige sal verwissel om in die hemel te gaan woon. Omdat die aarde volgens hulle gaan verdwyn, is dit ook nie nodig om die teenswoordige lewe ernstig op te neem of hard te werk om iets goeds tot stand te bring nie.

**Hierdie wêreld is ons woning**

Sulke gedagtes word deur Reformatoriese denkers op grond van die Skrif verwerp. Marshall & Gilbert (1998:11) sê: "It is an unbiblical idea that the earth doesn't matter because we are going to heaven when we die. The Bible teaches that there will be *a new heaven and a new earth*. Our destiny is an earthly one: a new earth, an earth redeemed and transfigured. An earth united with heaven, but an earth, nevertheless." Walsh & Middleton (1984:104) beklemtoon dieselfde. In plaas van die herstel van die skepping (aarde), glo talle Christene in 'n dualistiese eskatologie waarin die aarde met die hemel vervang word – iets wat tot 'n mentaliteit van wêreldontvlugting lei.

**Groter kontinuïteit**

Van der Walt (2007:34-36) is van mening dat daar wel diskontinuïteit sal wees (bv. nie meer ’n huwelik of ’n kerk nie – vgl. Matt. 22:30 en Openb. 21:22) tussen die hede en die voleinding, maar terselfdertyd ook groter kontinuïteit. Die diskontinuïteit verklaar hy uit die feit dat al die gevolge van die sonde wat tans ervaar word, sal verdwyn. (Die Bybel sê bv. dat daar nie meer trane, siekte en dood sal wees nie. Vgl. Openb. 21:4.) Die hele skepping se *gerigtheid* sal op God alleen wees. Ook die middele, wat ons gebruik om ons kultuurtaak te verrig, se *rigting* sal verander: swaarde sal tot pikke en spiese tot snoeimesse omsmee word (Miga 4:3). Omdat die *strukture* nie verander nie (die mens bly ’n mens, ’n tydse, aardse wese), moet egter ook kontinuïteit tussen die hiernoumaals en die hiernamaals verwag word. (Vir meer besonderhede, vgl. Marshall & Gilbert, 1998:231-245 en veral die werk van Mouw, 1983.) Dit bring ons by:

## *4.5 Die onderskeid tussen struktuur en rigting*

Volgens Wolters (1992:73) is hierdie onderskeid die diepste geheim en krag van ’n Reformatoriese lewensvisie. Hoewel dit al verskeie kere genoem en toegepas is sonder om dit volledig te verduidelik, word dit nou gedoen. Want dit bied ’n antwoord op ’n volgende (sewende) uiters belangrike vraag vir elke Christen: Hoe moet my verhouding teenoor hierdie aarde wees?

### *4.5.1 Struktuur en rigting onderskei*

‘Struktuur’ verwys na die orde van die skepping, die vaste bouplan waarvolgens God alles gemaak het. Die struktuur van elke geskape ding is in die wet wat daarvoor geld, veranker. Hierdie wet geld, dit bepaal die wesentlike aard van elke ding en bly van krag. Ongeag hoe dit ook onderdruk of geskend word, kan hierdie werking van God se wette nie tot niet gemaak word nie. Die struktuur van dinge stel dus ook perke aan die verwording of bederf as gevolg van die sondeval. Struktuur het dus veral betrekking op skepping.

‘Rigting’ het betrekking op die tweede en derde fases van die geskiedenis, naamlik die sondeval en verlossing. Alles in die skepping is na die val en verlossing óf van God afgerig óf weer op Hom gerig. Hierdie gerigtheid hang van gehoorsaamheid/ongehoorsaamheid aan God se wette af.

Van die baie verduidelikings wat Wolters van hierdie onderskeid gee, is die volgende ’n goeie samevattende omskrywing: “... *struktuur* dui op die essensie of wesensaard van iets, wat dit kragtens God se skeppingsorde of skeppingswet is. Daareenoor verwys *rigting* na die sondige afwyking van daardie skeppingsorde, maar dit verwys ook na ’n hernude instelling of gerigtheid op Christus. ’n Reformatoriese analise van elke lewensterrein

sal voortdurend hierdie Bybelse onderskeiding toepas. Dit sal eweveel klem plaas op die skepping (struktuur) as op die geestelike teenoorgestelde rigting wat die hele skepping deurdring." (Wolters, 1992:73.)

Walsh & Middleton (1984:88,89) verduidelik die struktuur-rigting onderskeid met die beeld van 'n elektriese kabel (die struktuur) waardeur daar 'n elektriese stroom in twee rigtings kan beweeg. Hierdie beeld kan natuurlik nie verduidelik hoe intiem struktuur en rigting verweef is nie. Dit gaan hier egter eerstens oor die feit dat hulle – anders as in die dualistiese visies – duidelik onderskei word, maar nie skeibaar is nie.

### *4.5.2 Verwarring tussen struktuur en rigting*

Volgens Wolters (1992:50) is dualistiese lewensvisies geneig om rigting tot struktuur te herlei. Dit is verkeerd, want die teëstelling tussen goed en kwaad hoort nie wesentlik tot die skepping nie (vgl. hierbo). So 'n verwarring vind plaas (vgl. weer hierbo) wanneer een aspek of terrein van God se goeie skepping as die bron van die kwaad uitgesonder word – in plaas van die werklike vyandige en vreemde element, naamlik die verkeerde rigting van die mens se hart. Walsh & Middleton (1984:95) stel dit soos volg: "Dualism blurs the duality between obedience and disobedience because dualism identifies obedience, redemption and the kingdom of God with only *one* area of life."

### *4.5.3 Die korrekte visie*

Dit moet steeds beklemtoon word dat die goeie skepping die sondeval *voorafgaan* en dus daarvan *onderskei* moet word. Géén aspek van die skepping kan vir die kwaad verantwoordelik gehou word nie. 'n Skepping sonder die kwaad was moontlik by die skepping en sal eendag by die voleinding ook weer 'n werklikheid word. Niks in die wêreld is dus sonder hoop nie. Dié hoop is gegrond op die voortdurende aanwesigheid van die goeie (struktuur) van die skepping – selfs waar dit (a.g.v. die verkeerde rigting) op die verskriklikste wyse geskend word (vgl. Wolters, 1992:51).

Wolters pas die onderskeid tussen struktuur en rigting op verskillende sake (soos samelewingsvernuwing, seksualiteit, agressie ens.) toe. Sy konklusie aan die einde is dat die herontdekking van die tweeledige aksent op struktuur en rigting – met een woord: die kosmiese herskepping in Christus – 'n mens kan help om met nuwe oë na die wêreld te kyk.

## *4.6 Die mens as beeld van God*

Hierdie Bybelse perspektief bied 'n antwoord op die volgende (agtste) belangrike vraag vir elke mens: Wie/wat is ek (of die mens in die algemeen)?

Hierbo (vgl. subafdeling 4.1) is alreeds vermeld dat volgens 'n Reformatoriese lewensvisie niks aan of in die mens goddelik kan wees nie. Terwyl ander lewensvisies 'n soort synsrelativisme *(analogia entis)* tussen God en mens voorstaan, word hierdie radikale onderskeid op Bybelse gronde gehandhaaf. Dit gebeur ook in die geval van die Bybelse openbaring dat die mens na die beeld/gelykenis van God geskep is (Gen. 1:26, 27). Te midde van die talle spekulasies oor wat dié raaiselagtige uitspraak kan beteken, huldig Reformatoriese denkers ook 'n eie standpunt. Veral Walsh & Middleton (1984) en Middleton & Walsh (1995) behandel dit in besonderhede.

### *4.6.1 Die betekenis van die mens as beeld van God*

Vir hulle (vgl. Walsh & Middleton, 1984:52) beteken "beeld van God wees" twee dinge: (1) Dit het 'n breëre betekenis, wat dui op die roeping van die mens om namens God oor die skepping te heers en dit te versorg. Dit dui dus op die mens se kultuurtaak om God se skepping verder te ontwikkel en laat ontplooi. (2) Die begrip het egter ook 'n enger betekenis, naamlik die keuse wat die mens (na die sondeval) het om in hierdie kultuurmandaat die ware God of afgode in sy plek te dien.

Hoewel Walsh & Middleton nie die bogenoemde onderskeid van struktuur en rigting op die mens as beeld van God toepas nie, is dit in feite wat gebeur. Struktureel gesien is die mens God se gevolmagtigde onderkoning op aarde, 'n kultuurskepper. Die sondeval vernietig nie hierdie wesensaard van die mens nie, maar die religieuse rigting daarvan verander. Daarom kan dit ook gesê word dat die mens na die sondeval, as gevolg van sy ongehoorsaamheid aan God se verordeninge, die beeld van God verloor het.

### *4.6.2 Afgodery*

Walsh & Middleton (1984:65) bied in die verband ook 'n nuwe perspektief op afgodery – 'n verskynsel wat vandag nog net so algemeen is as in antieke tye. Dink maar aan die verafgoding van wetenskap, tegniek en geld. Afgodery is ten diepste 'n teken van die mens se weiering om as mens self God se beeld te wees, God se wette in sy lewe sigbaar te maak. Met afgodery ontken die mens nie net God se regmatige plek nie, maar ook die mens s'n. "Idolatry thus usurps not only God's proper place but ours too. It contradicts both God's rightful kingship as Lord of the universe and our fundamental human calling to represent him in daily, cultural obedience – to image him in our lives." (p. 65.)

### *4.6.3 Herstel van die beeld*

Dit is hierdie afvalligheid wat Christus kom regstel het. Walsh & Middleton (1984:83) verduidelik: "The New Testament refers to him as

*the* image of God *par excellence* (Col. 1:15; Heb. 1:3; 2 Cor. 4:4-6). Although these passages could be taken to refer to Christ's unique status as God, they also refer to his perfect humanity. Christ is the perfect image of God, the paradigmatic man who completely represented God and mediated God's presence in the full range of earthly, human life. Hence the classic statement in John 14:9, 'Anyone who has seen me has seen the Father', could just as easily refer to Christ's humanity as his deity. In fact, the Gospel of John is full of statements concerning Christ's perfect obedience and oneness of purpose with the Father, an obedience and oneness we are called to imitate."

As Christus die volmaakte beeld van God is, moet die mens na die beeld van Christus vernuwe word om weer werklik, voluit mens te kan wees. Walsh & Middleton (p. 84) vervolg dus: "... our imaging task of reflecting God's rule in our lives is equivalent to our growing in likeness to Christ (Eph. 4:13). Just as Christ fully represented God in his earthly life, so we ... are to manifest visibly the life and presence of Christ our Lord, here and now ... He lives in us by his Spirit, who conforms us to his image."

Ten slotte moet vermeld word dat die beeldskap van God nie iets vaag of abstrak is nie. Dit blyk daaruit dat die mens nie net lyk soos die God/afgod wat hy/sy dien nie. Hy/sy skep ook 'n samelewing (huwelik, gesin, kerk, staat, skool) volgens sy beeld van wat ware menswees inhou. Omgekeerd gestel: agter elke samelewingsvisie skuil 'n bepaalde mensvisie en agter elke mensvisie 'n sekere godsidee.

Van der Walt (2001:50 e.v.) en Walsh & Middleton (1984:33) beskou 'n lewensvisie dan ook tereg as die hart of siel van enige kultuur. 'n Lewensvisie het 'n beslissende invloed op hoe die gesins- en kerklike lewe, onderwys, politiek, wetgewing, gesondheidsorg, kunste, media, ekonomie – al die kultuuraktiwiteite – daar sal uitsien. Die Christelike geloof word in die vorm van 'n Reformatoriese lewensvisie verbreed tot die hele lewe – dit het nie net betrekking op evangelieverkondiging nie.

### *4.7 Kultuurmandaat en sendingbevel behels dieselfde opdrag*

Ons let nou op die Bybel se antwoord op 'n volgende (negende) belangrike lewensbeskoulike vraag: Wat maak ek hier op aarde? Het ek 'n taak/roeping?

Uit die voorafgaande het reeds duidelik geword dat die Reformatoriese lewensvisie nie piëtisties die lewe wil *ontvlug*, rewolusionêr wil *vernietig* of Thomisties *van buite wil sakraliseer* nie, maar wil vernuwe. Dit is nie 'n eng evangelieverkondigende nie, maar 'n ruim wêreldvormende lewensvisie. Dit deurbreek die valse dilemma van óf evangelieverkondiging óf sosiale betrokkenheid. Om dit in te sien, moet iets meer oor die kultuurmandaat gesê word.

Die eerste opdrag wat aan die mens gegee word (Gen. 1:26-28), is – merkwaardig – nie om te bid, 'n kerk te bou of een of ander sogenaamde geestelike daad te verrig nie, maar om 'n tuin te bewerk, die wêreld te regeer en te bewaak. Dit is ook nie 'n sekondêre verantwoordelikheid (teenoor byvoorbeeld sy "geestelike" pligte) nie, maar sy primêre taak, sy omvattende, religieuse roeping. Dit is byna onmoontlik om hierdie heel eerste opdrag van God aan die mens te oorbeklemtoon. Hier volg enkele flitse.

### *4.7.1 Die fokuspunt en klimaks*

Op die sesde dag – die hoogtepunt – stel die goddelike "Verhoogbestuurder" die kroon van die skeppingsdrama aan ons voor. Die twee akteurs (Adam en Eva) word voorgestel as "beeld van God" en hulle ontvang 'n 'wagwoord', naamlik die kultuurmandaat. Daarna rus God en die akteurs begin hulle rol in die skepping vertolk.

Die feit dat die mens na God se beeld geskape is, dui (vgl. hierbo) op sy/haar *plek* in die skepping (soos wat God *Heer* is van die ganse skepping, moet die mens – in afgeleide sin – oor die skepping *heers*). Die opdrag wat God aan die mens gee (die kultuurmandaat om te heers en te sorg), dui op sy *taak* in die skepping. Die twee sake is onafskeidelik verbonde, soos wat ook uit die *Afrikaanse Vertaling* blyk: "Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, *sodat hy kan heers...*" (Gen. 1:26 – dieselfde noue verband blyk ook uit Ps. 8:6,7).

Genesis 1 en 2 is dus die proloog, die "gereedmaak van die verhoog" vir die res van die wêreldgeskiedenis wat sou volg.

### *4.7.2 Die sleutel van die geskiedenis*

In die res van die boek Genesis word die verskillende geslagte of generasies in tien verskillende afdelings beskrywe. Dit dui op die draers van die geskiedenis, die ontstaan van histories-belangrike volkere. In die res van die boek Genesis dui die skrywer eenvoudig aan hoe die verskillende mense en geslagte op God se fundamentele gebod van "wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit, heers ..." (Gen. 1:28) gereageer het, of dit uitgevoer het. Dit vertel in detail hoe die mens die kultuurmandaat – die eerste en fundamentele opdrag van God – gehoorsaam het of daaraan ongehoorsaam was.

### *4.7.3 Die grondslag vir die res van God se openbaring in die Skrif*

Die dramatiese moment tydens die hoogtepunt van die skepping, toe God die mens na sy beeld geskep het en hulle aangespreek het om vir hulle te sê wat sy plan met hulle is, waarom Hy hulle in die wêreld geplaas het en wat hulle 'marsopdragte' vir die lang 'mars' in die geskiedenis wat voorlê

is, word in die res van die Skrif nie vergeet nie. Want by dié geleentheid van kosmiese betekenis, het God die mens ’n religieuse wese gemaak, wat in alles wat hy/sy doen op God se basiese bevel moet antwoord. Alle ander, daaropvolgende openbaringe van God veronderstel hierdie eerste en primêre bevel van God aan die mens. Die hele res van die Ou Testament vanaf Genesis 3 word ongelukkig oorskadu deur die feit dat die mens in sonde geval het en nie die kultuurmandaat in gehoorsaamheid kon uitvoer nie. Dit fokus daarom op die belofte van verlossing uit sonde wat in die koms van Christus sou kulmineer.

### *4.7.4 Herbevestiging deur Christus*

Verlossing beteken bevryding van demoniese gevangenisskap, sodat die mens weer sy oorspronklike vryheid kan geniet. Vryheid om God weer te kan dien, sy gebooie te kan gehoorsam – ’n herstel van die oorspronklike kultuurmandaat. Dit is ook hoe Christus se ‘sendingbevel’ (in Matt. 28:19, 20) verstaan moet word. Dit is ’n *herbevestiging* van die mens se omvattende kultuuropdrag in Genesis en nie ’n *nuwe opdrag* tot evangelisering nie. Beter gestel: Christus stuur sy dissipels uit, sodat mense tot bekering kan kom en weer die oorspronklike, primêre, omvattende opdrag van God aan die begin van die skepping sal kan gehoorsaam.

Christus se latere sogenaamde sendingbevel mag dan ook nooit in isolasie van hierdie oorspronklike kultuurmandaat beskou word nie, omdat dit dan nie reg verstaan kan word nie. As Christus byvoorbeeld sy dissipels (wat nou sy apostels word) beveel om diegene vir wie hulle preek *alles* te leer wat Hy hulle beveel het, moet in gedagte gehou word dat dit verwys na alles wat Hy hulle aangaande die omvattende koninkryk van God geleer het. “... the disciples are called to teach the nations to observe *all* He (Christ) has commanded. The Great Commission itself includes our tasks in the world. The Great Commission is a calling creation-wide and creation-deep: *it calls the nations to obey God.” (*Marshall & Gilbert, 1998:209.)

### *4.7.5 ’n Dualisme*

Nòg die vroeëre óf-óf standpunt, nòg die meer resente én-én visie van die Evangeliese Christene (vgl. Van der Walt, 2000:124-128) bevredig dus, omdat daar in beide gevalle van die veronderstelling uitgegaan word dat evangelisering en sosiale betrokkenheid *twee afsonderlike sake* is waartussen óf gekies moet word óf wat met mekaar versoen moet word.

“Many Evangelicals see that the gospel makes social action a Christian imperative. But fear of losing the gospel by focussing exclusively on social concerns makes them try to hold the two in a balancing act. They speak of caring for *both* the physical life *and* the spiritual life. But as soon as we speak of *both/and* in these terms, we are acknowledging a dualism:

we are seeing two fundamentally distinct realitites which we must somehow put together again. Perhaps it isn't the harsh dualism of the past, but it is still a dualism. And it cripples our social action because such involvement is always subservient to the 'higher' calling of evangelism" (Walsh & Middleton, 1984:102).

Volgens die Skrif moet die mens dus nie *naas* nie, maar *in* sy kulturele aktiwiteit die verlossing in Christus verkondig. God se twee opdragte is één. Die een faset daarvan is dus nie belangriker as die ander, omdat dit geesteliker of heiliger as die ander sou wees nie. Ware Christelike evangelisering is altyd sosiale aksie. En ware Christelike, sosiale aksie is altyd evangeliserend van aard.

#### *4.7.6 Die terme is onbevredigend*

Die terme 'evangelisering' en 'sosiale aksie' is bowendien ontoereikend. Evangelisering beteken wel om individuele bekeerlinge te maak, maar ook om die volle evangelie (die blye Boodskap) aan gevangenes en armes te verkondig en nasies tot gehoorsaamheid aan al God se gebooie op te roep. Bekering en skuldbelydenis beteken immers om van een lewe na 'n ander oor te gaan in *elke faset* van die menslike bestaan. Die Bybelse begrip 'evangelisering' sluit dus dinge in wat baie evangeliese Christene as sosiale betrokkenheid sou bestempel.

'Sosiale aksie' sluit 'n wye verskeidenheid sake in wat gewoonlik gaan om hulp aan mense in nood. Maar selfs dit is nog te eng. Om te sing en musiek te maak, is byvoorbeeld nie sosiale aksie nie en ook nie evangelisering nie. En tog beveel God ons om dit te doen en goed te doen. Dieselfde geld van speel, dans, dig, skryf, handel dryf, groente kweek, onderwys gee, klere maak en nog duisende ander aktiwiteite wat deel van ons kultuurtaak is.

### *4.8 'n Eie wyse van samelewingsverandering*

Daar is nog 'n laaste (tiende) belangrike lewensvraag wat beantwoord moet word: Hoe kan ek die samelewing verbeter? Die Reformatoriese lewensvisie se antwoord daarop openbaar weereens sy uniekheid (vgl. Wolters, 1992:74 e.v. en Van der Walt, 2006:295 e.v.). Dit verskil van die dualistiese, revolusionêre en konserwatiewe samelewingsvisies.

#### *4.8.1 Sanktifikasie versus konsekrasie*

Volgens die dualistiese visie (soos in die geval van die Rooms-Katolisisme) moet die samelewing heilig verklaar word (konsekrasie). Dit beteken om iets van die wêreld af te sonder, toe te wy aan God. So-iets impliseer egter alleen *uitwendige* verandering. Die huwelik, wat as iets sondigs beskou word, word byvoorbeeld heilig deur daarvan 'n sakrament te maak of dit deur 'n priester/predikant in 'n kerk te laat bevestig.

Teenoor konsekrasie stel die Reformatoriese lewensvisie sanktifikasie – nie heilig*verklaring* nie maar heilig*making* – met ander woorde ’n bevryding van sonde, wat reiniging en suiwering van *binne-uit* beteken. Die hele lewe, insluitend elke samelewingsverband moet ooreenkomstig elkeen se wesensaard van binne na buite heilig gemaak word. Daarom bestaan daar ook iets soos heiligheid op ekonomiese en politieke terrein. Heiligheid is dus nie *iets ekstra* wat by die *strukture* van die samelewing bygevoeg word nie (’n *donum superadditum*). Dit gaan oor die verandering van *rigting,* oor méér gehoorsaamheid aan God op elke lewensterrein.

### *4.8.2 Rewolusionêre verandering*

’n Tweede vorm van samelewingsverandering is die rewolusionêre. Terwyl die eerste model (a.g.v. die verwarring van struktuur en rigting) iets wou *byvoeg*, wil hierdie manier samelewingsverval oplos deur die gewelddadige *vernietiging* van die bestaande strukture en die skep van ’n totaal nuwe samelewingsbestel.

Aangesien ’n Reformatoriese samelewingsvisie gelykwaardige klem op sowel struktuur as rigting lê, word rewolusie verwerp. Selfs onder die ergste verval bly iets struktureels oor wat hervorm kan word. Ook die religieuse rigting moet saam daarmee verander.

### *4.8.3 Konserwatisme*

Dit beteken nie dat ’n Reformatoriese samelewingsbeskouing in konserwatisme verval wat gewoon die *status quo* regverdig nie. Die bestaande orde is as gevolg van die voortdurende teenwoordigheid van die kwaad nooit volkome aanvaarbaar nie. Elke samelewingsbestel het innerlike vernuwing en hervorming nodig. Kragtens die Reformatoriese lewensvisie se klem op die strukturele het dit dus nie simpatie met rewolusie nie. En weens sy fokus op die religieuse rigting van elke samelewing is ook konserwatisme onaanvaarbaar (vgl. Wolters, 1992:79).

## *4.9 Beskeidenheid*

Uit die voorafgaande het dit duidelik geword hoe ’n Reformatoriese lewensvisie in staat is om ten minste tien fundamentele lewensvrae op ’n unieke wyse te beantwoord.

Wolters (1992:96) sluit sy werk oor ’n Reformatoriese lewensvisie egter af met die waarskuwing dat so ’n lewensvisie nie al die antwoorde het nie en allermins ’n eenvoudige resep bied ter oplossing van elke probleem van die hedendaagse wêreld. Dit kan Christene egter ten minste help om die probleme reg te sien en reg te formuleer in plaas van om (as gevolg van ’n dualistiese vertrekpunt) voor valse dilemmas te staan te kom.

Hierdie ondersoek het begin deur die aandag te vestig op die geringe invloed van Christene op die wêreld rondom hulle. Die vraag is gestel of ’n Reformatoriese lewensvisie dalk kan bydra tot die oplossing van die probleem. Wolters (1992:98) se antwoord aan die einde van sy werk word ten slotte beaam: “Alle nadenkende Christene, waar hulle ook al geroepe is om hulle verantwoordelike taak te beoefen, staan onder die verpligting om die noodsaak van ’n Bybelse lewensvisie in ’n ernstige lig te beskou en al hulle denke en dade dienooreenkomstig te laat lei. Wie hierdie taak verontagsaam, ontken daarmee die praktiese betekenis van die Skrif vir die grootste gedeelte van ons daaglikse lewe en werk.”

Met die uiteensetting van die kernmomente van ’n Reformatoriese lewensvisie en sy unieke antwoorde op die diepste lewensvrae by elke mens is hierdie taak egter nie afgehandel nie. So ’n visie moet ook oorgedra word aan ander, veral aan die jonger geslag – die slotafdeling van hierdie bydrae.

## 5. Die noodsaak van Christelik-lewensbeskoulike onderrig

Griffioen (2006:14) merk op *dat* lewensbeskoulike vorming ’n kerngedagte was en nog steeds is by baie Christelike onderwysinstellings. Garber (1996) se werk verduidelik *waarom* dit so belangrik is en *hoe* dit die beste gedoen kan word. Wat hier volg, is in hoofsaak ontleen aan sy waardevolle boek. Ter inleiding eers iets oor hoe hy ’n lewensvisie beskou.

### *5.1 Lewensvisie en lewenswandel ’n eenheid*

’n Lewensvisie is volgens Garber (1996:111) ’n voorteoretiese raamwerk waarvolgens ’n mens die wêreld rondom jou interpreteer en verstaan. Dit bind die losstaande aspekte van ’n mens se lewe tot ’n eenheid saam en gee sin en identiteit aan jou bestaan.

Hy beklemtoon by herhaling dat lewens*visie* en lewens*wandel* nie van mekaar geskei kan word nie. “Ideas have legs. What we believe about the world effects how we live in the world.” (Garber, 1996:56.) Verder is dit volgens hom belangrik dat ’n lewensvisie nie net *kultuur*vormend nie maar ook *karakter*vormend is.

### *5.2 Die noodsaak van die lewensbeskoulike vorming van leerlinge/ studente*

Uit sy praktiese ervaring getuig iemand soos Herrick (2007:66) oor die groot waarde van lewensbeskoulike vorming vir sy studente. Hy sê byvoorbeeld: “... personal experience in the classroom tells me that the idea of a worldview is still new to many students here and abroad.

Worldview is particularly exciting to young people who have never been asked by any adult to think about what they believe and who want to talk and think carefully about this aspect of who they are."

Elders skryf Herrick: "... worldview has been and remains a remarkable useful construct for thousands of students. The opportunity to talk about their worldviews ... has for many graduates ... been perhaps the most powerful, informative, and lifeshaping educational memory that they have taken away with them into what is often referred as the real world." (Herrick, 2007:66.)

Die belangrikheid van lewensbeskoulike onderrig is sowel vanuit die behoeftes van die student as die opvoedkundige milieu duidelik.

### *5.2.1 Die behoeftes van studente*

Een rede hou verband met die spesifieke lewensfase, nl. die periode tussen adolessensie en volwassenheid (± 18-25-jariges). "The span of years between adolescence and adulthood are the critical years in human development where basic beliefs about life and the world are settled." (Garber, 1996:29.) Deur sekere grondvrae te beantwoord (vgl. die tien basiese lewensvrae en die antwoorde daarop in die voorafgaande), leer studente om sin van die lewe te maak. Garber noem as voorbeelde die volgende: Wat glo ek? Waarom glo ek dit? Watter verskil maak my geloof oor myself en die wêreld rondom my? (Garber, 1996:31). Ander sulke vrae wat saak maak is: Wie is God? Wat beteken die lewe – my lewe? Hoe besluit ek wat reg of verkeerd is? Is dit moontlik om die waarheid te ken? (Garber, 1996:78).

Gedurende hierdie moeilike en kritieke lewensfase word die beginsels vir die hele lewe – asook die eie karakter en identiteit vasgelê. Kulture deur die eeue het daarom besondere aandag aan die opvoeding van die adolessent gegee. Dit is dus tragies dat die hedendaagse onderwyssisteme dit meestal nalaat.

'n Tweede belangrike rede vir lewensbeskoulike vorming lê in die karakter van 'n lewensvisie self: dit slaan die brug tussen geloof en lewe. Dit help studente om dit wat hulle glo, te verbind met hul lewenswandel; om hulle plek en taak in die wêreld te verstaan. Want hulle wil graag weet hoe hulle oortuigings hulle beoefening van die wetenskap beïnvloed, maar ook hoe dit met hulle uiteindelike beroep verband hou.

### *5.2.2 Die hedendaagse opvoedkundige omgewing*

Die klimaat waarin jongmense vandag lewe, is dié van groot geestelike verwarring. Herrick (2007:65) beskryf dit raak in die volgende woorde: "Students inhabit a phantasmagoric theatre of frantic media images, raw emotion, and powerful appeals that undermine the self to make the sale. In

most cases their education at home have provided them with precious few organizing moral concepts, let alone critical apparatuses for responding to this video arcade of the soul ... Worldview ... grants students a life-saving capacity to respond sensibly to the commercially funded circus they encounter every day with its incessant in-your-face sexual posturing, its lures and lies, and its lunatic substituting of careless intimacy for love and shameless self-exposure for emotional authenticity... To talk about worldview in the classroom ... that takes students' lived experience seriously can be to create an oasis in a desperate, bewildering desert."

Volgens Garber is die probleem dus dat die hedendaagse onderwys (sekondêr en tersiêr) meestal nie vir die diepste lewensbehoeftes van jongmense voorsiening maak nie. Vir lewensbeskoulike vrae soos hierbo is daar eenvoudig nie plek in die kurrikulum nie. Twee redes hiervoor is dat die onderwys verkommersialiseerd en vertegniseerd geraak het.

Verkommersialisering hou in dat inrigtings vir hoër onderwys in 'industrieë' ontaard het, wat diplomas en grade toeken (Garber, 1996:78). Hulle enigste doel is om jong mense so vinnig moontlik vir 'n suksesvolle loopbaan op te lei (Garber, 1996:75). Basies gaan dit materialisties om geld: "Teach me how to be a moneymaking machine. Give me only the facts, tools and techniques to ensure my instantaneous financial success. All the rest is irrelevant." (Garber, 1996:79.)

Uit hierdie aanhaling blyk ook reeds die tegnisistiese karakter van die onderwys. Garber (1996:77) verduidelik: "There is no set of ideas or attitudes that permeates all parts of the curriculum. The curriculum is not, in fact, a 'course of study' at all but a meaningless hodgepodge of subjects. It does not even put forward a clear vision of what constitutes an educated person, unless it is a person who possesses 'skills'. In other words a person with no commitment and no point of view but with plenty of marketable skills." Die "produkte" van sulke soort onderwys stel dus nie *waarom* vrae nie, maar slegs *hoe* doen 'n mens iets. Hulle sien ook nie hulle werk as 'n roeping nie, maar bloot as lonende loopbaan. Dit alles lei tot 'n leë, siniese lewenshouding.

Volgens Garber (1996:85) kan onderwys egter alleen betekenisvol wees wanneer dit ruimte bied vir die diepere sinvrae, vir lewensbeskoulike vorming.

### 5.3 Hoe die lewensbeskoulike vorming gedoen kan word

Nadat die vraag beantwoord is *waarom* lewensbeskoulike vorming vir studente onontbeerlik is, moet gesê word *hoe* dit die beste gedoen kan word. Garber (1996:107) beklemtoon drie sake "conviction" (of lewensvisie), "character" (of die rol van 'n leermeester/dosent) en "community" (geesgenootlike vriende en die breë gemeenskap). Hierdie drie moet sáám ontwikkel word.

### *5.3.1 'n Eie lewensvisie ontwikkel*

Eerstens moet studente toegelaat word om self 'n eie lewensvisie te ontwikkel, wat vir die waarheid kan staan, te midde van 'n relativistiese en sekulêre kultuur. Dit moet dus sinvol vir hulle eie konteks wees.

### *5.3.2 'n Inspirerende rolmodel*

Tweedens moet studente 'n mentor vind wie se karakter en lewe 'n bewys is dat 'n mens met hierdie Christelike lewensvisie kan lewe; 'n onderwyser/dosent/leermeester in wie se optrede die lewensbeskoulike oortuigings vlees en bloed geword het; 'n rolmodel wat inspirerend is en die moeite werd om na te volg, met ander woorde 'n Christelike identifikasiefiguur met wie geassosieer en waartoe gekonformeer kan word.

Met sy eie beliggaming van die Christelike lewensvisie moet die dosent die student as "vakleerling" inspireer om ook só te dink en te lewe. Teenoor die vertegniseerde en verkommersialiseerde hedendaagse onderwys, waarin dosente al minder belangrik word, sê Garber (1996:140) tereg: "An academic system without the personal influence of teachers upon peoples is an arctic winter – a place of specialists without spirit."

Maar rolmodelle alleen is ook nie genoeg nie.

### *5.3.3 'n Ondersteunende gemeenskap*

Derdens moet studente vriendskappe sluit met medestudente en ander mense wie se gemeenskaplike lewe 'n konteks bied waarin hierdie oortuigings eerbiedig, beliggaam en uitgeleef word. Om sáám met sulke mense, wat dieselfde lewensvisie deel, die lewensreis aan te pak kan die eie lewensvisie bevestig en laat groei.

In Garber se eie woorde gestel: "Community is the context for the growth of convictions and character. What we believe about life and the world becomes plausable as we see it lived out all around us... we discover who we are – and who we are meant to be – face to face and side by side with others in work, love and learning." (Garber, 1996:146, 147.)

Elders: "I am more and more convinced that the people you choose to have around you have more to do with how you act upon what you believe than what you read or the ideas that influence you. The influence of ideas has to be there, but the application is something it is very hard to work out by yourself ... so you work it out with a group of friends." (Garber, 1996:149.) Vergelyk ook Aay & Griffioen, (1998:141) wat die belangrikheid beklemtoon van 'n gemeenskap om 'n visie te ontwikkel of ten minste bereid is om ander te ondersteun wat so 'n lewensvisie as belangrik beskou.

### *5.4 Ten slotte*

Volgens Garber se navorsing is dit die studente wat die geleentheid gehad het om (1) 'n eie Christelike lewensvisie te vorm, (2) met die hulp van 'n voorbeeldige mentor en (3) in die gemeenskap van 'n vriendekring, wat eendag ná hulle opleiding stewige Christene bly, wat 'n sout en lig in hulle omgewing is.

Garber se navorsing kan dus breër as net op die akademie toegepas word. Dit geld ook die vorming in die gesin. Ouers het 'n belangrike rol as voorbeelde vir hul kinders ("Woorde wek maar voorbeelde trek"). En die kinders onderling beïnvloed mekaar ook.

Selfs as volwassene moet 'n mens nog steeds aan jou Christelike lewensvisie skaaf; jy het nog steeds leiersfigure, wat jou lewensvisie beliggaam en na wie jy kan opsien, nodig om jou te inspireer; 'n mens het ook die ondersteuning van 'n kring van geesgenote nodig om as Christen te kan volhard.

## 6. Slot: die naam, die weg en die mense

Drie slotopmerkings oor die Reformatoriese lewensvisie handel oor: eerstens sy naam, in die tweede plek iets oor sy aard en laastens iets oor sy aanhangers.

### *6.1 Die naam*

Die naam "Reformatories" het nie 'n *kerklike* betekenis nie (lidmaatskap van byvoorbeeld die Gereformeerde of Nederduits Gereformeerde Kerk). Dit het ook nie 'n *konfessionele* konnotasie (aanvaarding van bepaalde belydenisskrifte uit die sestiende eeu) nie. Dit sny deur kerklike en konfessionele grense. Met "Reformatories" word bedoel 'n transformerende lewensvisie met 'n *kulturele* perspektief, wat oproep tot die vernuwing van die individu en die reformasie van die samelewing volgens God se norme. Dit het dus 'n *lewensbeskoulike* betekenis, dit bind mense uit verskillende kerke saam wat op dieselfde wyse na God se skepping kyk en daarvolgens lewe.

Verder word dit doelbewus nie 'n *ge*reformeerde of *her*vormde lewensvisie genoem nie. Dit skep te maklik die indruk asof hierdie lewensbeskouing byna 500 jaar gelede vervolmaak en afgehandel is en wat toentertyd gesê is, bloot vandag nagepraat moet word. "Reforma*tories*" dui egter op dinamiek. Dit dui op die feit dat die lewe deformeer as dit nie *voortdurend* reformeer nie.

Hierdie ingesteldheid moet ook vir die Reformatoriese lewensvisie self geld. Dit mag nie net ander lewensfasette reformeer nie. Dit moet *self* ook voortdurend getoets en gereformeer word. Want wat vir die res van die skepping geld, geld ook vir hierdie lewensvisie: dit staan in die teken

van die verlossing in Christus, maar terselfdertyd het dit deel aan die gebreke van ’n in-sonde-gevalle wêreld. Daarom is die volgende opmerking oor die Reformatoriese weg belangrik.

### 6.2 Die pad

Die reformatoriese pad is nie ’n eenvoudige, maklike of veilig pad nie.

• Dis nie *eenvoudig* nie, want dit bied nie die kitsoplossings van die drie dualistiese Christelike beskouings hierbo geskets nie. Dit vra Skrifstudie, gebed, diepgaande wetenskaplike besinning – harde werk.

• Dis nie *maklik* nie, want ’n mens moet leer om te kan onderskei tussen wat totaal verkeerd of verdorwe is, wat hervorm kan word en wat net verder verbeter behoort te word. So ’n houding is veel moeiliker as om eenvoudig iets óf te aanvaar óf te verwerp.

• Dit is ook nie *sonder gevare* nie, want as ’n mens midde-*in* die wêreld staan – om dit te kan hervorm – is die gevaar groot dat ’n mens soos die wêreld (wêrelds) kan word.

• Terselfdertyd is die Reformatoriese lewensvisie *geweldig bevrydend en verruimend.* Dit toon aan ons dat ’n mens nie die wêreld vaarwel hoef te sê as jy God in alles wil dien nie, of God te verloën as jy in die wêreld betrokke wil wees nie. Ons kan God *in* die wêreld dien.

### 6.3 Die mense

Hierdie lewensvisie stempel ook die karakter en identiteit van sy voorstanders.

• ’n Reformatoriese Christen is in die eerste plek ’n *realistiese* mens. Hy/sy neem God se verlossing ernstig op, asook die sondeverlorenheid van die skepping. Hy ontken nie die deurwerking van die kwaad op elke terrein van die lewe nie. Hy soek nie die kwaad op ’n verkeerde plek, sodat hy teen die verkeerde vyande stry nie. Hy ontken verder nie (deurdat hy die skuld op iets anders skuif) die feit dat hyself ook skuld aan dié toestand het nie.

• Die Reformatoriese Christen is in die tweede plek ’n *positiewe* mens. Die gebrokenheid van, en kwaad in die wêreld, *ver*lam hom nie. Dit *staal* hom, dit spoor hom aan tot die daad.

• In die derde plek kan ’n Reformatoriese denker ’n *hoopvolle* of *optimistiese* mens wees, omdat hy weet dat hy nie in eie krag sy roeping vervul nie. Hy weet dat God self uiteindelik sy ryk in volle glorie sal laat aanbreek.

• Dit beteken ten slotte dat hy/sy ook *idealisties* kan wees, want geen mens kan vir ’n groter, heerliker saak werk as die Koninkryk van God nie.

## Bibliografie


AAY, H. & GRIFFIOEN, S. (Eds.). 1998. *Geography and a Christian worldview*. Lanham: Univ. Press of America.

BARTHOLOMEW, C.G. & GOHEEN, M. 2004. *The drama of Scripture; finding our place in the Biblical story.* Grand Rapids, Michigan: Baker.

COLSON, C. & PEARCEY, N. 1999. *How now shall we live?* Wheaton, Illinois: Tyndale House Pub.

DONOVAN, V.J. 1990. *The church in the midst of creation.* Maryknoll: Orbis Books.

GARBER. S. 1996. *The fabric of faith fullness; weaving together belief and behavior during the university years.* Downers Grove, Illinois: InterVarsity.

GRIFFIOEN, S. 2006. *Een weg gaan; cultuurfilosofie tussen West en Oost.* Budel: Damon.

HERRICK, J.A. 2007. Response to Al Wolters on "worldviews". In: Bonzo, J.M. & Stevens, M., *After worldview.* Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.

MARSHALL, P. & GILBERT, L. 1998. *Heaven is not our home; learning to live in God's creation.* Nashville: Word Publishing.

MIDDLETON, J.R. & WALSH, B.J. 1995. *Truth is stranger than it used to be; Biblical faith in a postmodern age.* Downers Grove, Illinois: InterVarsity.

MOUW, R. 1983. *When the kings come marching in; Isaiah and the New Jerusalem.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

NAUGLE, D.K. 2004. Renewing integrity; a Christian worldview and education practice. Unpublished paper read at the National Faculty Leadership Conference, June 24-27. Washington D.C.

SPYKMAN, G.J. 1992. *Reformational theology; a new paradigm for doing dogmatics.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

VAN DER WALT, B.J. 2000. *Visie op die werklikheid; die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie.* Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2001. *Transformed by the renewing of your mind; shaping a Biblical worldview and a Christian perspective on scholarship.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN DER WALT, B.J. 2004. An integral Biblical worldview. In: Van der Walt, B.J. *Understanding and rebuilding Africa.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. 512-552.

VAN DER WALT, B.J. 2006. *The liberating message; a Christian worldview for Africa.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN DER WALT, B.J. 2007. Ek glo aan die ewige lewe – op hierdie hernieude aarde. *Die kerkblad*, 110(3202): 34-36.

VAN DER WALT, T. 1986. *Bible studies on the Kingdom of God.* Series F2, no. 36. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.

WALSH, B.J. & MIDDLETON, J.R. 1984. *The transforming vision; shaping a Christian worldview.* Downers Grove, Illinois: InterVarsity.

WOLTERS, A.M. 1990. Christianity and the classics; a typology of attitudes. In: Helleman, W. (Ed.), *Christianity and the classics; the acceptance of a heritage.* Lanham: Univ. Press of America. 189-204.

WOLTERS, A.M. 1992. *Die skepping herwin; Bybelse grondslae vir 'n reformatoriese lewensbeskouing.* Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

WOLTERSTORFF, N. 1983. *Until justice and peace embrace; the Kuyper lectures for 1981 delivered at the Free University of Amsterdam*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.